

Hoofstuk van die dag: Hosea 3

> *Ek het toe vir my ’n vrou gekry vir vyftien stukke silwer en honderd kilogram gars. (vers 2)*

Blykbaar het Gomer op die een of ander wyse ’n ander man se besitting geword. Dalk ’n bordeel-eienaar? Ons weet nie, maar dit het beteken dat Hosea haar nie sommer net kon gaan haal nie. Hy moes haar terugkoop met geld én (omdat sy geld te min

was) voorraad uit sy skuur. Die prys het hom seergemaak. En hy moes haar boonop weer liefhê (vers 1)!
Die stomme Hosea moes sy trots in sy sak steek, al sy geld gee, én nog meer, om sy ontroue vrou terug te kry. Hy doen dit, omdat God dit beveel. Want dit is eintlik God se verhaal. God moes ons, sy maaksels en eiendom, ten duurste loskoop met sy eie Seun se bloed, ondanks ons ontrou en sonde. En Hy bly ons liefhê.
Dis ook jou en my verhaal. God vra van ons óók hierdie soort onvernietigbare liefde vir Hom en vir ander. Ander wat nie ons liefde verdien nie, maar aan wie ons dit tog skuld (Rom 13:8). Want eers dan weerspieël ons, soos Hosea, ons Vader se troue liefde teenoor ons.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026